# ONBILLIKE GEVOLGE VOORTSPRUITEND UIT DIE VERDELING VAN PENSIOENVERWAGTINGE BY EGSKEIDING

**Etienne de Graaf Genis, B.IUR., LL.B.**

**Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Legum met Boedelreg as hoofstudierigting in die Departement Privaatreg aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.**

**Leier: Prof. J.A. Robinson**
**Potchefstroom**
**1999**

# VOORWOORD

My dank aan my werkgewer, Sanlam, wat dit vir my finansieel moontlik gemaak het om my in te skryf vir die graad Magister Legum met Boedelreg as Hoofstudierigting. Sonder hul gemaklike terugbetalingstelsel sou ek nie in my doelwit kon slaag om my verder te bekwaam as boedelbeplanner nie.

Hoewel ek my studies onder geweldige werksdruk aangepak het, was ek gedetermineerd om my as volwaardige boedelbeplanner te kwalifiseer. Menigmaal kon ek my weens 'n besige werksprogram nie by my studieskedule hou nie, maar met die krag van ons Hemelse Vader het ek die tyd gevind om verlore ure in te haal.

Dankie ook aan my vrou, Ronél, wat my onderskraag het en die nodige geduld getoon het in die tye wat ek daaraan ontbreek het en my aangespoor het toe die entoesiasme minder was. Spesiaal aan pappa se "pikkendoolsie" : Dankie dat jy verstaan het as pappa agter 'n toe deur gaan sit het en jou nie soos altyd kon vermaak as ek van die werk af kom nie. As driejarige het jy bewys dat jy reeds oor die insig van 'n volwassene beskik.

# INHOUDSOPGAWE


1. INLEIDING .......................................................................... 1

2. REGSHISTORIESE OORSIG ........................................................... 1

3. DIE WYSIGINGSWET OP EGSKEIDING 7 VAN 1989...................... ....... 4

3.1 Algemeen .......................................................................... 4

3.2 Uitwerking van verskeie huweliksgoederestelsels op pensioenbelang wat as bate geag word.................................... 5

3.2.1 Huwelike binne gemeenskap van goedere aangegaan voor of na 1 November 1984.................................................. 5

3.2.2 Huwelike wat buite gemeenskap van goedere gesluit is voor 1 November 1984 .................................................... 5

3.2.3 Huwelike wat buite gemeenskap van goedere gesluit is op of na 1 November 1984 (wat gemeenskap van wins en verlies uitsluit, maar waarop die aanwasbedeling wel van toepassing is ............ 5

3.2.4 Huwelike buite gemeenskap van goedere en wat wins en verlies uitsluit wat na 1 November 1984 aangegaan is en waar die aanwasbedeling kontraktueel uitgesluit is ............................. 6

3.3 Omvang van die pensioenbelang ................................................ 6

3.4 Betaling van die pensioenbelang ................................................ 6

3.4.1 Algemeen ............................................................ 6

3.4.2 Direkte betaling deur die lidgade ...................................... 7

3.4.3 Betaling aan die nie-lidgade deur die fonds ........................... 8

3.5 Beskerming van pensioenvoordele ............................................. 8

3.6 Insolvensie van die nie-lidgade ............................................... 9

4. ONBILLIKE GEVOLGE VOORTSPRUITEND UIT HUIDIGE WETGEWING 9

4.1 Rente .......... 9

4.2 Belasbaarheid van pensioenbelang .......... 10

4.3 Kontantvloei .......... 12

4.4 "Pensioenbelang" .......... 13

4.5 Uittrede uit 'n pensioen- of uittredingsannuïteitsfonds .......... 14

4.6 Risikovoordele .......... 15

4.7 Bedanking uit pensioenfonds : Diskresionêre voordele .......... 16

4.8 Dood van nie-lidgade en lidgade .......... 16

4.9 Boedelbelastingimplikasies .......... 17

4.10 Huislenings teen sekuriteit van pensioenvoordele .......... 18

4.11 Skikkingsakte .......... 18

4.12 "Volopbetaalde" pensioen .......... 19

4.13 Bewaringsfondsoordragte .......... 19

4.14 Bewaring van voordele .......... 20

4.15 Pensioenbetalings .......... 20

4.16 Huwelike onderhewig aan die aanwasbedeling .......... 20

5. ONDERSOEKE DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE REGSKOMMISSIE .......... 21

6. TEKORTKOMINGE VAN DIE HUIDIGE WETGEWING .......... 24

7. VOORGESTELDE OPLOSSINGS .......... 25

7.1 Praktiese oplossings .......... 25

7.2 Voorgestelde wysigings tot wetgewing .......... 26

8. GEVOLGTREKKING .......... 27

## 1. INLEIDING

Tradisioneel het alleenlik tasbare bates (dit wil sê eiendom en kapitaal) deel gevorm van 'n persoon se boedel in geval van egskeiding.[1] Die redenasie was dat voor die datum van egskeiding die nie-lidgade slegs 'n *spes* (verwagting of hoop) gehad het om te deel in die uiteindelike pensioenvoordele van die lidgade. Hierdie *spes* het dan by egskeiding weggeval, aangesien die nie-lidgade slegs geregtig was op die lidgade se pensioenvoordele indien sy ten tyde van betaling van die voordele die status as "vrou van die lidgade" gehad het.

Mettertyd is veranderinge te weeg gebring rakende die aard en vorm van rykdom. Professor Reich het reeds in 1964 oor hierdie veranderinge geskryf en dit die "new property" genoem.[2] Reich se "nuwe eiendom" het tot stand gekom deurdat werksgeleenthede, die beoefening van 'n beroep en die voordele wat daarmee gepaard gaan vir die meeste mense die primêre bron geword het waarvolgens welvaart gemeet word.[3]

Hierdie klemverskuiwing in die aard van eiendom het gelei tot wysigings in die familiereg.

Aangesien 'n persoon se opgelope bevrore pensioenbelang dikwels sy waardevolste besitting is (in baie gevalle selfs sy enigste besitting) het pensioenvoordele as 'n vorm van hierdie sogenaamde "nuwe eiendom" sterker op die voorgrond getree. Die feit dat pensioenbelang meer en meer kapitaalvormend van aard geword het, het uiteindelik daartoe bygedra dat dit op een of ander manier in berekening gebring moes word wanneer die totale bates wat by 'n egskeidingsverdeling beskikbaar is, bepaal word.

Na oorwegings en vertoë het die Suid-Afrikaanse Regskommissie in 'n konsepwetsontwerp voorgestel dat die pensioenverwagting wel as 'n bate in 'n boedel beskou moet word. Die voorstelle van die Regskommissie het uiteindelik beslag gekry in die Wysigingswetsontwerp op Egskeiding 1989, wat op 1 Augustus 1989 in werking getree het. Sedert die promulgering van die Wysigingswet op Egskeiding 7 van 1989,[4] word die opgeboude/opgelope pensioenbelang van 'n party in 'n egskeidingsgeding vir die doeleindes van die verdeling van bates van die partye wel as 'n bate in die lid se boedel geag.

## 2. REGSHISTORIESE OORSIG

Voor 1 Augustus 1989 was die regsposisie van so 'n aard dat die pensioenverwagting van 'n lid nie as 'n bate in sy boedel beskou is nie, aangesien die pensioenverwagting nie beskou is as 'n bate in die boedel nie, maar bloot 'n *spes*.[5] Nóg die pensioenreg, nóg die huweliksgoederereg in Suid-Afrika het spesifiek voorsiening gemaak vir pensioenverdeling tussen gades ten tyde van egskeiding.

Nadat die Suid-Afrikaanse Regskommissie ondersoek ingestel het na die huweliksgoederereg, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat die *status quo* gehandhaaf

[1] Sinclair **An Introduction to the Matrimonial Property Act** 1984 69.
[2] Reich *The new property* 1964 **Yale Law Journal** 733.
[3] Fick *Pensioenverrekening tussen gades met egskeiding* 1990 **Tydskrif vir Regswetenskap** 60.
[4] Hierna verwys as die Wysigingswet op Egskeiding.
[5] Sien Sonnekus *Pensioendeling, billikheid en die egskeidingsreg is onversoenbaar* 1994 **TSAR** 48-49 waar pensioenverwagtings as *uitgestelde loon* geklassifiseer word. Weens statutêre ingrepe is dit aanvaar dat onder andere die *loonaansprake* van 'n werknemer dermate *persoonlik verknog* is aan die werknemer dat dit nie deur die nie-werknemergade opgevorder kon word nie. Pensioenaansprake is gevolglik op dieselfde wyse gehanteer as loonaansprake.

behoort te word vanweë die probleme wat daarmee saamgehang het. Op versoek van die Minister van Justisie het die Regskommissie die aangeleentheid weer herondersoek en in sy *Ondersoek na die moontlikheid om voorsiening te maak dat 'n geskeide vrou in die pensioenvoordele van haar voormalige gade kan deel*,[6] tot die gevolgtrekking gekom dat die regsposisie in Suid-Afrika wel hervorm moet word om voorsiening te maak vir pensioenverrekening.

In hierdie werkstuk word die vrou se regte volgens elke huweliksgoederebedeling oorweeg. In geval van huwelike binne gemeenskap van goedere word geag dat die vrou geen regte ten opsigte van haar man se pensioenverwagtinge het nie, maar alleenlik 'n *spes* wat staak by egskeiding. In geval van huwelike buite gemeenskap van goedere het geen gade 'n eis ten opsigte van die pensioenverwagtinge van die ander gade nie. Waar die aanwasbedeling egter van toepassing is, vorm alleenlik daardie pensioenvoordele wat uitbetaal was voor egskeiding, deel van 'n gade se aanwas.

Terselfdertyd daarmee saam is verbeuring van voordele, herverdeling van bates in die geval van egskeiding en onderhoud ook oorweeg, maar onder geen van hierdie hoofde het dit geblyk dat die vrou enigsins beskerm is ten opsigte van haar man se pensioenbelang nie.

Die werkstuk bestaan verder uit 'n vergelykende ondersoek, gevolgtrekkings en aanbevelings. Die volgende lande is in hul ondersoek betrek: Die Nederlande, Duitsland, Oostenryk, Engeland, die Verenigde State van Amerika, Nieu Seeland, Australië, Kanada en Skotland. Hoewel die ondersoek meer as 10 jaar gelede gedoen is en die regsposisie in hierdie lande intussen kon verander het, is 'n verwysing na die Kommissie se bevindings met betrekking tot hierdie lande se regstelsels steeds belangrik.[7]

**Die Nederlande**

'n Gade se reg om in geval van egskeiding te deel in die pensioenbelang van die ander gade, word erken. Hul regstelsel lê egter nie vaste reëls neer ter vasstelling van die waarde van die pensioenbelang ten tyde van egskeiding nie. Indien nodig moet die waarde van die belang aktuarieel bereken word. Die reg om te deel in die pensioenvoordele van 'n lidgade oorskry egter nooit die waarde van die voordele wat gedurende die huwelik geakkumuleer is nie.

**Duitsland**

'n Huwelik word beskou as 'n vennootskap waartoe beide gades in gelyke dele bydraes maak, hetsy by wyse van salaris of bestuur van die huishouding. By ontbinding van die huwelik is elke gade geregtig op 'n gelyke deel in die totale aanwas van hul onderskeie boedels gedurende die bestaan van die huwelik. Dit geld ook ten opsigte van pensioenverwagtinge. Slegs die pensioenbelang wat gedurende die huwelik geakkumuleer het, word egter in berekening gebring.

**Oostenryk**

Dit het geblyk dat 'n eis om te deel in die pensioenvoordele van 'n gade nie in geval van egskeiding erken word nie.

[6] *Werkstuk 4, Projek 41* Oktober 1984.
[7] *Werkstuk 4, Projek 41* Oktober 1984 30-55.

**Engeland**

Die Engelse howe beskik oor wye bevoegdhede om eiendomsaansuiwerings in geval van egskeiding te beveel. Dit word aanvaar dat 'n gade wat as gevolg van egskeiding sy/haar eis teen die pensioenvoordele van die ander gade verloor het, vir sodanige verlies gekompenseer behoort te word. Die vorm wat sodanige kompensasie behoort aan te neem, lê uitsluitlik in die diskresie van die hof.

**Verenigde State van Amerika**

Meeste van die state aanvaar die beginsel dat 'n nie-lidgade die reg het om te deel in die pensioenvoordele van die ander gade in geval van egskeiding. Die waarde van die reg word aktuarieel bereken.

As 'n alternatief word voorsiening gemaak vir die ontvangs van pensioenvoordele deur die nie-lidgade wanneer dit betaalbaar raak aan die lidgade.

**Nieu Seeland**

Pensioenvoordele waarop 'n gade kragtens 'n pensioenskema geregtig word, vorm deel van die huweliksgoedere van die gades.

In geval van egskeiding het die hof die bevoegdheid om sodanige bevel uit te vaardig te maak wat billik ge-ag met betrekking tot die vasstelling van die onderskeie gedeeltes van die huweliksbates waarop elke gade geregtig is.

In die meeste gevalle word vervangende bates toegeken aan die nie-lidgade in die plek van sy/haar deel van die pensioenvoordele.

**Australië**

Pensioenvoordele word nie beskou as huweliksbates wat vatbaar is vir verdeling in geval van egskeiding nie.

**Kanada**

In die provinsie Alberta is dit deur die howe bevind dat 'n pensioenvoordeel 'n bate is wat vatbaar is vir verdeling. Verskeie metodes word deur die howe geïmplementeer om pensioenvoordele te bereken. In sommige gevalle word die voordele gewaardeer en in die batepoel geplaas wat dan op grond van billikheid verdeel word. In ander gevalle word die lidgade beveel om aan die nie-lidgade sy/haar deel van die voordele te betaal wanneer die voordele uiteindelik betaalbaar word.

**Skotland**

Waar 'n gade pensioenbelange kragtens 'n beroepspensioenskema het, word die gedeelte van sodanige belange wat met die duur van die huwelik verband hou as 'n huweliksbate beskou.

Die howe het die bevoegdheid om die verdeling van huweliksbates tussen gades te beveel indien dit billik en regverdig is met inagneming van sekere faktore.

Dit blyk duidelik uit hierdie vergelykende studies dat pensioenverdeling reeds 'n gevestigde beginsel in baie van die buitelandse regstelsels is en dat die berekening van pensioenvoordele nie 'n onoorkomelike probleem is nie.

In sy memorandum het die Suid-Afrikaanse Regskommissie aanbeveel dat pensioen-verwagtinge beskou moet word as 'n bate in die boedel. Hierdie aanbevelings het

uiteindelik gestalte gekry in die Wysigingswet op Egskeiding.

## 3. DIE WYSIGINGSWET OP EGSKEIDING 7 VAN 1989

### 3.1. Algemeen

Artikel 1 van die Wet op Egskeiding 70 van 1979[8] word gewysig deur artikel 1 van die Wysigingswet op Egskskeiding deurdat die volgende omskrywings by sub-artikel (1) gevoeg is:

" '**Pensioenbelang**' met betrekking tot 'n party in 'n egskeidingsgeding wat -

- 'n lid is van 'n **pensioenfonds** (uitgesonderd 'n uittredingsannuïteitsfonds), die voordele waarop daardie party as so 'n lid ingevolge die statute van daardie fonds geregtig sou gewees het, as sy lidmaatskap van die fonds op die datum van die egskeiding beëindig sou geword het, weens sy bedanking uit sy betrekking;
- 'n lid is van 'n **uittredingsannuïteitsfonds** wat bona fide ingestel is met die oogmerk om lyfrentes vir die lede van die fonds beskikbaar te stel, en wat 'n pensioenfonds is, die totale bedrag van daardie party se bydraes tot die fonds tot op datum van die egskeiding, tesame met 'n totale bedrag van jaarlikse enkelvoudige rente op die bydraes tot op datum, bereken teen dieselfde koers as die koers wat op daardie datum deur die Minister van Justisie ingevolge artikel 1(2) van die Wet op Voorgeskrewe Rentekoerse 55 van 1975 vir die doeleindes van daardie wet voorgeskryf is."

Artikel 7 van die Wet op Egskeiding word verder gewysig deur artikel 2 van die Wysigingswet op Egskeiding deur die byvoeging van die volgende sub-artikels: (7)(a), (b), (c) en (8)(a)(i), (ii) en (b). Die artikels bepaal die volgende :

"(7)(a) By die bepaling van die vermoënsregtelike voordele waarop die partye in enige egskeidingsgeding geregtig is, word 'n party se pensioenbelang, behoudens paragrawe (b) en (c), geag deel van sy bates te wees.

(b) Die bedrag wat aldus geag word deel van 'n party se bates te wees, word verminder met enige bedrag van sy pensioenbelang wat, uit hoofde van paragraaf (a), by 'n vorige egskeiding -

(i) aan 'n ander party oorbetaal of toegewys is; of

(ii) vir die doeleindes van 'n ooreenkoms bedoel in subartikel (1), ten voordele van 'n ander party in berekening gebring is.

(c) Paragraaf (a) is nie van toepassing nie op 'n egskeidingsgeding ten opsigte van 'n huwelik buite gemeenskap van goed wat op of na 1 November 1984 gesluit is ingevolge huweliksvoorwaardes waardeur gemeenskap van goed, gemeenskap van wins en verlies en die aanwasbedeling uitgesluit is.

(8) Ondanks die bepalings van enige ander wet of van die statute van enige pensioenfonds -

(a) kan die hof wat 'n egskeidingsbevel ten opsigte van 'n lid van so 'n fonds verleen, 'n bevel gee dat -

(i) enige deel van die pensioenbelang van daardie lid wat uit hoofde van subartikel (7) die ander party in die betrokke egskeidingsgeding toekom of aan hom toegewys word, deur daardie fonds aan daardie ander party betaal

[8] Hierna genoem die Wet op Egskeiding.

moet word wanneer enige pensioenvoordele ten opsigte van daardie lid toeval;

(ii) 'n aantekening in die rekords van daardie fonds gemaak word dat daardie deel van die betrokke pensioenbelang aldus aan daardie ander party betaalbaar is;

(b) is enige wet wat van toepassing is met betrekking tot die vermindering, oormaking, oordrag, sedering, verpanding, verhipotekering of inbeslagneming van die pensioenvoordele, of enige reg ten opsigte daarvan, in daardie fonds, mutatis mutandis van toepassing met betrekking tot daardie ander party se reg ten opsigte van daardie deel van die betrokke pensioenbelang."

## 3.2. Uitwerking van verskeie huweliksgoederestelsels op pensioenbelang wat as bate geag word

Die verskillende tipes huweliksgoederestelsels in gevolge waarvan huwelike gesluit kan word, bepaal die vermoënsvoordele waarop 'n party in 'n egskeidingsgeding geregtig mag word.

Die Wysigingswet op Egskeiding sal dus op die volgende huwelike van toepassing wees:

### 3.2.1. Huwelike binne gemeenskap van goedere aangegaan voor of na 1 November 1984

Elke gade is geregtig op 50% van die gemeenskaplike boedel by ontbinding van die huwelik. Die hof kan egter na aanleiding van onderhawige omstandighede beslis dat een gade sy/haar deel of 'n persentasiegedeelte daarvan verbeur.[9] Die "pensioenbelang" van albei gades (indien beide lede van 'n fonds is) word by die gemeenskaplike boedel ingesluit.[10] Elke gade is dus geregtig op 50% van die ander gade se pensioenbelang, tensy die hof of die partye onderling andersins bepaal.

### 3.2.2. Huwelike wat buite gemeenskap van goedere gesluit is voor 1 November 1984

Elke party het sy eie boedel, losstaande van die ander. Die hof kan egter na aanleiding van die onderhawige omstandighede 'n herverdeling van bates gelas, sodat een party geregtig raak op die bates of gedeelte van die bates van die ander party.[11]

Indien herverdeling ter sprake is, kan die gades se pensioenbelange wel in berekening gebring word.

### 3.2.3. Huwelike wat buite gemeenskap van goedere gesluit is op of na 1 November 1984 (wat die gemeenskap van wins en verlies uitsluit, maar waarop die aanwasbedeling wel van toepassing is)

Elke party is by ontbinding van die huwelik geregtig op 50% van die verskil tussen die aanwas van die gades se onderskeie boedels.[12] Die hof kan egter na aanleiding van die onderhawige omstandighede beslis dat een gade sy/haar deel van die ander gade se aanwas, of 'n gedeelte daarvan, moet prysgee.

[9] Artikel 9(1) van die Wet op Egskeiding.

[10] Artikel 7(7)(a) van die Wet op Egskeiding.

[11] Artikel 7(3) van die Wet op Egskeiding.

[12] Artikel 3 van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984.

[Artikel 7(3) van die Wet op Egskeiding, ten opsigte van herverdeling van bates, geld nie ten opsigte van 'n huwelik waarop die aanwasbedeling van toepassing is nie.]

Die pensioenbelang van 'n lidgade word in ag geneem as deel van die aanwas in sy/haar boedel. Kragtens artikel 7(7) van die Wet op Egskeiding word die pensioenbelang in ag geneem by egskeiding.

**3.2.4. Huwelike buite gemeenskap van goedere en wat wins en verlies uitsluit, wat na 1 November 1984 aangegaan is en waar die aanwasbedeling kontraktueel uitgesluit is in die huweliksvoorwaardekontrak**

Die wetgewer het hierdie huwelike spesifiek uitgesluit van die toepassing van die agtingsbepaling in artikel 7(7)(c) van die Wet op Egskeiding. Geen party is dus geregtig op enige deel van die ander party se bates nie en die hof mag ook nie 'n herverdeling van bates gelas nie. [Artikel 7(3) van die Wet op Egskeiding, ten opsigte van herverdeling van bates, geld nie ten opsigte van hierdie tipe huwelike nie.] Aangesien "pensioenbelang" in hierdie geval nie as 'n bate geag word nie, is dit - soos in paragraaf 2 gestel - slegs 'n *spes* wat nie soos 'n bate verdeel kan word nie. Die partye sal dus onderling moet reël hoe hul mekaar gaan kompenseer indien hulle die "pensioenbelang" wel in ag wil neem ten tyde van die egskeiding.

## 3.3. Omvang van die pensioenbelang

In die geval van 'n **pensioenfonds** is dit die voordeel waarop die lidgade geregtig sou wees indien hy op die datum van egskeiding sy diens sou beëindig het - dit wil sê sy uitdienstredingsvoordeel. Afhangende van die werknemer se dienstydperk of die reëls van die fonds, sal die uitdienstredingsvoordeel dikwels nie die werkgewer se bydraes insluit nie. Verder het 'n lid van 'n pensioenfonds in geval van bedanking dikwels 'n keuse tussen 'n kontantvoordeel en 'n oordragvoordeel (wat die oordrag van 'n groter bedrag na 'n ander goedgekeurde fonds behels).

In geval van 'n **uittredingsannuïteitsfonds** is die voordeel wat in ag geneem word by egskeiding die totaal van daardie lidgade se bydraes tot die fonds tot op die datum van egskeiding, plus jaarlikse enkelvoudige rente op die bydraes tot op datum van egskeiding. (Rente word bereken deur die koers soos van tyd tot tyd neergelê deur die Wet op Voorgeskrewe Rentekoerse 55 van 1975.[13])

Van die pensioenbelang word afgetrek enige bedrag wat by 'n vorige egskeiding aan 'n ander party oorbetaal of toegewys is, of wat ten voordele van 'n ander party in berekening gebring is.[14] Artikel 7(7)(b) van die Wet op Egskeiding is dus van toepassing ten opsigte van 'n lidgade wie se vorige egskeiding plaasgevind het op of na 1 Augustus 1989.

Geen fonds kan egter meer as hierdie "pensioenbelang" oordra nie. Daarom kan 'n nie-lidgade byvoorbeeld nie aandring op enige groei in die lidgade se pensioenbelang na die datum van egskeiding nie.

[13] Hierna verwys as die Wet op Voorgeskrewe Rentekoerse.

[14] Artikel 7(7)(b) van die Wet op Egskeiding.

## 3.4. Betaling van die pensioenbelang

### 3.4.1. Algemeen

Die Wet op Egskeiding skryf nie die wyse voor waarop betaling gedoen behoort te word nie.

Artikel 7(b)[15] reguleer slegs die posisie met betrekking tot huwelike aangegaan buite gemeenskap van goedere voor die promulgering van die Wet op Huweliksgoedere 88 van 1984,[16] waarkragtens gemeenskap van goedere, wins-en-verlies, en die aanwasbedeling uitgesluit word en waar die hof 'n herverdeling van bates beveel.

Die hof kan dan beveel dat voldoening aan die bevel uitgestel op sodanige voorwaardes as wat die hof regverdig mag vind, insluitend voorwaardes met betrekking tot die verskaffing van sekuriteit, die betaling van rente of paaiemente en die oorhandiging of oordrag van spesifieke bates.

Die Wet het dus basies drie veranderinge in die reg aangebring:

- Eerstens bepaal dit dat die pensioenbelang van 'n lidgade as 'n bate geag sal word soos op datum van egskeiding, en gevolglik in berekening gebring moet word in die verdeling van bates tussen die egskedingspartye.
- Tweedens word daar voorsiening gemaak dat die egskeidingshof 'n bevel **mag** verleen dat 'n deel van die pensioenbelang deur die aftreefonds aan die nie-lidgade betaal kan word wanneer dit die lidgade toeval.
- Laastens **mag** die egskeidingshof 'n bevel verleen dat 'n endossement teen die rekords van die aftreefonds aangebring **mag** word dat 'n deel van die pensioenbelang betaalbaar is aan die nie-lidgade.

In **Krygkor Pensioenfonds v Smith**[17] het die hof aanvaar dat in bepaalde omstandighede die hof 'n inherente jurisdiksie het om prosedures te volg waarvoor nie in die gewone prosesreg voorsiening gemaak word nie. Dit blyk egter duidelik dat die hof slegs in uitsonderlike gevalle en waar geregtigheid dit vereis, sy inherente bevoegdheid sal uitoefen om prosedures te volg waarvoor nie in die gewone prosesreg voorsiening gemaak word nie. Die hof sal verder ook altyd poog om so naby as moontlik aan erkende praktyke te bly.

In die onderhewige geval het die applikant aansoek gedoen dat die pensioenfonds gelas word om inligting aangaande pensioenuitbetalings aan die gewese vrou (applikant) bekend te maak. Vir die doeleindes van die uitspraak word daar veronderstel, sonder om te beslis, dat die hof in gepaste gevalle die bevoegdheid het om selfs derde partye teen wie die applikant geen eisoorsaak het nie, te gelas om die gevraagde inligting te verstrek.

### 3.4.2. Direkte betaling deur die lidgade

Artikel 7(8)(a)[18] bepaal dat die hof 'n bevel **kan** verleen dat 'n deel van die pensioenbelang wat aan die nie-lidgade verskuldig is of toegewys is, deur die

[15] Wet op Egskeiding.
[16] Hierna verwys as die Wet op Huweliksgoedere.
[17] 1993 3 SA 459 (A)
[18] Wet op Egskeiding.

fonds aan sodanige gade betaalbaar is wanneer voordele die lid toeval.

Die hof is egter nie verplig om so 'n bevel te verleen nie en die lidgade mag, ten tyde van egskeiding, 'n bedrag gelykstaande aan die pensioenbelang wat aan die nie-lidgade verskuldig is, oorbetaal.[19] Dit mag egter lei tot kontantvloeiprobleme.

**3.4.3. Betaling aan die nie-lidgade deur die fonds**

Soos hierbo gemeld, bepaal die Wet op Egskeiding dat die hof 'n bevel mag verleen dat die verskuldigde pensioenbelang deur die fonds betaalbaar is wanneer die voordele die lid toeval. Die voordele verskuldig sal die lid alleenlik toeval by die plaasvind van 'n sekere spesifieke gebeurtenis, byvoorbeeld by aftrede, dood of ongeskiktheid.

Betaling sal gevolglik uitgestel word totdat sodanige gebeurtenis plaasvind. Die nie-lidgade sal egter geen eis hê vir rente wat verdien word op die voordele vanaf datum van egskeiding tot die datum van betaling nie.

Die algemene beginsel is dat voordele alleenlik deur die fonds **aan die lid** betaal kan word - dit kan nie oorgedra of gesedeer word aan enige ander party nie. Die betaling van pensioenvoordele of 'n gedeelte daarvan deur die fonds aan die **nie-lidgade** is dus 'n uitsondering op hierdie algemene reël.

Indien die skikkingsakte nie opgestel is ooreenkomstig die voorskrifte vervat in die Wet op Egskeiding nie, sal dit gevolglik bots met die fondsreëls en die Wet op Pensioenfondse 24 van 1956[20] en dus onafdwingbaar wees.

Die hof is hoegenaamd nie verplig om so 'n bevel te verleen nie. Die Wet op Egskeiding maak voorsiening daarvoor dat die hof sodanige bevel **kan** verleen. Ook sal die hof nie die toepaslike bevel maak indien dit nie daartoe versoek word nie. Konsephofbevele en skikkingsooreenkomste moet dus pertinent voorsiening maak vir die verlening van so 'n bevel.

Menige skikkingsooreenkoms maak voorsiening vir die verdeling van die pensioenbelang, maar versuim om voorsiening te maak dat die fonds die lidgade se gedeelte direk aan die nie-lidgade betaal. Sonder sodanige toepaslike bevel, het die fonds geen ander keuse nie - dit mag slegs voordele betaal kragtens sy reëls en derhalwe slegs aan sy lid.[21]

Dikwels word daar gepoog om 'n foutiewe hofbevel te remedieer nadat die egskeiding toegestaan is deurdat die partye daarna 'n ooreenkoms teken en dit instuur na die fonds waarin hulle hul bedoeling weerspieël dat die fonds die pensioenbelang waarop die nie-lidgade geregtig is, direk aan sodanige nie-lidgade moet betaal. Die fonds kan egter nie gehoor gee aan so 'n ooreenkoms nie. Dit is teenstrydig met die Wet op Pensioenfondse. Die hof het nie die diskresie om teenstrydig met die Wet op Pensioenfondse en sy reëls op te tree nie. Die partye se enigste remedie is om die hofbevel te wysig.[22]

[19] Sonnekus 1994 **TSAR** 66.
[20] Hierna verwys as die Wet op Pensioenfondse.
[21] Lightbody *The Divorce Amendment Act revisited* August 1996 **Insurance and Tax** 16.
[22] Marcusse August 1994 **Insurance and Tax** 11.

### 3.5. Beskerming van pensioenvoordele

Volgens artikel 37C van die Wet op Pensioenfondse sal die voordele wat deur 'n fonds betaalbaar is by die afsterwe van die lidgade, nie deel van die bates van die boedel van so 'n lidgade uitmaak nie. Alleenlik in die geval waar die lidgade sterf sonder enige afhanklikes of benoemdes sal die trustees van die fonds die voordeel in die boedel van die lidgade stort.

Die nie-lidgade aan wie 'n gedeelte of die geheel van 'n pensioenbelang ten tye van 'n egskeidingsgeding toegeken is, maar nog nie betaal is nie, geniet *mutatis mutandis* dieselfde beskerming wat 'n lidgade sou geniet het.

Die nie-lidgade sal gevolglik nie in staat wees om sy/haar gedeelte van die pensioenbelang wat nog in die fonds is, te verminder, oor te dra, te sedeer, te verpand of met verband te beswaar nie.[23]

Ingevolge artikel 37A van die Wet op Pensioenfondse is die voordeel ook nie vir beslaglegging ingevolge 'n vonnis of bevel van 'n geregshof vatbaar nie.

### 3.6. Insolvensie van die nie-lidgade

Die nie-lidgade geniet dieselfde beskerming as wat 'n lidgade sou geniet het ten opsigte van sy pensioenvoordele by insolvensie. Kragtens artikel 37B van die Wet op Pensioenfondse word enige voordeel of gedeelte daarvan wat verskuldig is deur die fonds aan die nie-lidgade (dit wil sê wat nog in die fonds is), nie geag deel uit te maak van die bates in die insolvente boedel van daardie nie-lidgade (sou die nie-lidgade se boedel gesekwestreer of oorgegee word) nie. Gevolglik kan die voordele nie deur sy/haar skuldeisers in beslag geneem of toegeëien word nie.[24]

## 4. ONBILLIKKE GEVOLGE VOORTSPRUITEND UIT HUIDIGE WETGEWING

### 4.1. Rente

Die Wysigingswet op Egskeiding maak nie voorsiening vir die fonds om rente te betaal ten opsigte van die nie-lidgade se deel van die pensioenbelang na datum van egskeiding nie. Die pensioenfonds as sulks verwyder ook nie die nie-lidgade se gedeelte van sy rekords om sodoende in 'n aparte rekening ten gunste van die nie-lidgade gehou te word nie.

Wat wel in die praktyk plaasvind (in die geval waar die fonds se rekords ooreenkomstig die egskeidingsbevel geëndosseer word), is dat die bedrag wat die nie-lidgade se deel van die pensioenbelang verteenwoordig, as sodanig in sy rekords aangeteken word. Geen skeiding van bates vind egter plaas nie. Sodra die voordele die lid toeval (byvoorbeeld in geval van aftrede, ongeskiktheid, afsterwe of bedanking) moet die toegekende voordeel, soos ten tyde van die egskeidingsbevel bereken, afgetrek word van die lid se voordele en aan die ander party oorbetaal word.

In **Schenk v Schenk**[25] moes die hof in 'n gestelde regsvraag uitsluitsel gee of dit ook

[23] Van Niekerk *Pensioenbelang - verdeling by egskeiding : 'n Praktiese Handleiding* 1992 **Sanlam Regsnavorsingpublikasie** 17.
[24] Van Niekerk 1992 **Sanlam Regsnavorsingpublikasie** 18.
[25] 1993 2 SA 346 (OK)

die bevoegdheid het om rente analoog aan moratore rente te hef op die prestasiepligtige bedrag as voldoening aan die uitstaande pensioenaanspraak van die geregtigde party ingevolge 'n artikel 7(7)- en 7(8)-bevel in terme van die Wet op Egskeiding.

Die tersaaklike feite in die saak kan soos volg saamgevat word: Die partye is in 1976 in gemeenskap van goed getroud en die huwelik is per egskeidingsbevel ontbind in 1992. Hoewel die skikkingsooreenkoms uitdruklik voorsiening maak vir die erkenning van die pensioenaanspraak van die vrou ten bedrae van die helfte van die totale pensioenbelange van die man soos bereken in ooreenstemming met subartikel 7(7) van die Wysigingswet op Egskeiding, is die rente-aangeleentheid vir beslegting aan die hof hervoorgelê omdat die partye nie daaroor eenstemmigheid kon bereik nie.

Die hof was egter van mening dat waar die partye soos *in casu* reeds 'n skikkingsooreenkoms bereik het, maar waar geen ooreenkoms met betrekking tot rentebetaling deel van so 'n skikkingsooreenkoms vorm wat vir bekragtiging aan die hof voorgelê is nie, die hof dan nie die bevoegdheid het om teen die sin van een van die partye 'n bykomstige bepaling soos oor rentebetaling aan die skikkingsooreenkoms toe te voeg nie.

Namens die vrou is betoog dat die vrou as reghebbende van die vorderingsreg uit hoofde van artikel 7(8)(a) wel geregtig is op die betaling van rente deur die verpligte party ooreenkomstig die Wet op Voorgeskrewe Rentekoerse. Die hof wys egter daarop dat die uitstaande prestasie nie as 'n "betaalbare vonnisskuld" geklassifiseer kan word nie. Gevolglik, in die afwesigheid van 'n andersluidende ooreenkoms, bestaan daar geen verpligting om rente te betaal totdat 'n skuld betaalbaar word nie. 'n Party kan nie aanspreeklik gehou word vir rente *a tempore morae* tensy hy in *mora* was nie.[26]

Aangesien die woord "betaalbaar" in artikel 2(1) van die Wet op Voorgeskrewe Rentekoerse beteken "verskuldig en betaalbaar" en nie "betaalbaar op 'n toekomstige datum" nie, is 'n vonnisskuldenaar eers *in mora* vanaf die datum van betaling soos bepaal in die vonnis.

*In casu* het die hof dus bevind dat die verweerder nie geregtig was op rente ten opsigte van daardie gedeelte van die eiser se pensioenbelang wat aan haar verskuldig was vanaf die datum van die egskeidingsbevel nie.

Indien die partye egter wel vir rente voorsiening wil maak, sal hulle 'n verdere ooreenkoms in die skikkingsakte moet bereik dat die lid aanspreeklik sal wees vir rente ten opsigte van die nie-lidgade se gedeelte van die pensioenbelang. Aangesien die fonds nie meer as die "pensioenbelang" soos omskryf in die Wysigingswet op Egskeiding kan oordra nie, kan die fonds nie verplig word om rente op hierdie bedrag te betaal nie. Hierdie ooreenkoms sal gevolglik slegs *inter partes* van krag wees en sal dus deur die lid oorbetaal moet word aan sy gewese gade.

## 4.2. Belasbaarheid van pensioenbelang

'n Pensioenfonds is slegs 'n verteenwoordigende belastingpligtige en moet dus belasting aftrek alvorens die nabelaste bedrag aan die lid oorbetaal mag word. In geval van 'n egskeidingbevel moet dieselfde prosedure dus nagekom word.

[26] Sonnekus 1994 **TSAR** 216.

Paragraaf (e) van die omskrywing van "bruto inkomste" in die *Inkomstebelastingwet 58 van 1962*[27] reël die belasbaarheid van enkelbedrae uit pensioen-, uittredingsannuïteits- en voorsorgfondse. Volgens die definisie is hierdie bedrae alleenlik belasbaar wanneer die bedrag die lidgade toegeval het of deur die lidgade ontvang word.

Aangesien die totale voordeel "bruto inkomste" in die lidgade se hande beteken, word die lid dus belas op die volle balasbare gedeelte van die pensioenvoordeel en nie alleen op daardie gedeelte wat verskuldig is nadat betaling aan die nie-lidgade gedoen is nie.[28] Die belasbare gedeelte van die enkelbedrag word belas teen die lidgade se hoogste gemiddelde koers in die jaar waarin hy die enkelbedrag ontvang of die voorafgaande belastingjaar, welke ookal die hoogste is.

Belasting moet gevolglik eers afgetrek word, waarna die nie-lidgade se toegekende gedeelte afgetrek sal word van die lidgade se nabelaste pensioenvoordele. In die geval waar daar onvoldoende fondse is om die gewese gade sy/haar toegekende gedeelte te betaal, veral waar die lid agterstallige belastings verskuldig is aan die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, sal hy/sy die balans van die lidgade moet eis.

As gevolg van hierdie onbillikheid dat slegs die lidgade belas word ooreenkomstig paragraaf (e) van die definisie van "bruto inkomste", saamgelees met die Tweede Bylae tot die Inkomstebelastingwet, het lidgades die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens se beslissing op appèl geneem.

Die Spesiale Raad wat die appèl in Julie 1995 aangehoor het, het egter 'n ander standpunt ingeneem.[29] Die raad het naamlik beslis dat die lid van die fonds nie aanspreeklik is vir belasting ten opsigte van die bedrag wat aan sy voormalige eggenote betaalbaar is nie.

Die beslissing het berus op die argument dat vanaf die oomblik dat 'n bevel van verbeurdverklaring ingevolge van artikel 7 (8) van die Wet op Egskeiding gedoen word, sodanige voordeel nie meer die lid toeval nie, maar die eggenoot in wie se guns die bevel gemaak word.

Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens was egter nie tevrede met die beslissing nie en het die saak na die Spesiale Hof verwys kragtens artikel 83A(13)(b) van die Inkomstebelastingwet. Die Spesiale Hof het egter tot dieselfde gevolgtrekking gekom as die Spesiale Raad[30].

Die regter van die Spesiale Hof verwerp die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens se betoog dat die pensioenbelang eers die lid toeval en daarna aan die voormalige gade betaal word. In die woorde van die regter "it is clear that what the legislature envisaged was that when the member becomes entitled to his pension benefit, the fund shall pay the amount due to the 'other party', i.e. not the member. The wording of section 7 (8) is significant. It makes it clear that the time when the other party must be paid is the time when the pension benefits accrue 'in respect of ' (as opposed to 'accrued to') the member". En verder "it is evident .... that only once a person can claim a right which he can turn into money if he wishes to, does it accrue".

---

[27] Hierna verwys as die Inkomstebelastingwet.
[28] Lightbody August 1996 **Insurance and Tax** 17; Marcusse August 1994 **Insurance and Tax** 13.
[29] Special Board Decision no. 42, 142 Julie 1995.
[30] Saak nr. 10404 soos gepubliseer 1998 : **1 JUTA TECHNICAL LAW REVUE** 13.

Die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens het weereens geappelleer teen die Spesiale Hof se beslissing. Tydens die verwerking van hierdie verhandeling was die uitkoms van die appèl nog onseker. Op navraag van Sanlam Bpk. se Regsafdeling het die Kommissaris egter te kenne gegee dat hy steeds die lidgade aanspreeklik hou vir belasting op die pensioenbelang wat aan die voormalige gade betaalbaar is.

In afwagting van die Appèlhof se uitspraak, word die lidgade dus - reg of verkeerd - op die volle voordeel belas en nie slegs op die gedeelte waarop hy/sy geregtig is nadat betaling aan die nie-lidgade geskied het kragtens die hofbevel nie.

Die Kommissaris se standpunt moet egter ondersteun word. Die bedrag wat deur die fonds kragtens 'n hofbevel aan die nie-lidgade betaal word, kan nie ooreenkomstig paragraaf (e) in die hande van die nie-lidgade belas word nie, omrede die betaling aan 'n "nie-lid" geskied. Ook word nêrens in die Wysigingswet op Egskeiding voorsiening gemaak vir 'n beskouingsbepaling waarkragtens 'n "nie-lid" vir belastingdoeleindes geag word "lid" te wees nie. Die nie-lidgade kan dus nie op die toegekende bedrag belas word nie.

By nadere beskouing is dit duidelik dat hoewel die pensioenvoordele kragtens 'n hofbevel direk deur die betrokke fonds aan die nie-lidgade betaal word, dit eers aan die lid moes toegeval het alvorens dit betaal kon word. By toevalling word die lid dus ooreenkomstig paragraaf (e) van die definisie van "bruto inkomste", saamgelees met die Tweede Bylae tot die Inkomstelastingwet, belas.

Hierteenoor verkry die ontvanger (die nie-lidgade) van die bedrag wat hom/haar kragtens wetgewing toekom, boonop 'n vrystelling kragtens artikel 10(1)(u) van die Inkomstebelastingwet. Die vrystelling in artikel 10(1)(u) lees soos volg:

> "Van belasting word vrygestel - 'n bedrag ontvang deur of toegeval aan iemand of so iemand se eggenoot of voormalige eggenoot by wyse van toelae of onderhoud van so iemand of enige kinders ingevolge 'n geregtelike bevel tot skeiding van tafel en bed of 'n egskeidingsbevel toegestaan as gevolg van geregtelike stappe na die 21ste dag van Maart 1962 vrygestel, of ingevolge 'n ooreenkoms van skeiding van tafel en bed na daardie datum aangegaan."

"Toelae" is, in dié konteks gebruik, iets soortgelyks aan onderhoud.

Heelwat ontevredenheid heers egter oor hierdie artikel 10(1)(u)-benadering. Dit is billik teenoor die betrokke nie-lidgade, aangesien die bedrag soos deur die hof bepaal, nie by uitbetaling verminder word deur belasting nie. Daarteenoor dra die lid die volle belastinglas van die toegekende geld, selfs al ontvang hy/sy slegs die helfte van sy/haar pensioenbelang as gevolg van die werking van die huweliksgoederereg. Die lid teen wie die bevel gemaak word, verkry nou 'n kleiner gedeelte van die verdeling as wat uit die hofbevel blyk.

Weereens staan dit egter die partye vry om onderling ooreen te kom dat die nie-lidgade die lid sal vergoed vir die belasting wat hy/sy ten opsigte van die nie-lidgade se gedeelte moes betaal het. Hierdie ooreenkoms kan dan ook deel gemaak word van die egskeidingsbevel. Soos hierbo opgemerk, sal hierdie reëling egter net *inter partes* geld.

## 4.3. Kontantvloei

In geval van egskeiding by huwelike binne gemeenskap van goedere en huwelike

onderworpe aan die aanwasbedeling, word 'n nie-lidgade outomaties geregtig op die helfte van die lid se pensioenbelang. Hierdie reg kan nie teenoor die fonds afgedwing word nie, maar wel teenoor die lidgade. Die lidgade moet in so 'n geval die waarde van die nie-lidgade se aanspraak op sy/haar pensioenbelang in kontant (of ander bates) uitbetaal. Dit kan natuurlik lei tot groot kontantvloeiprobleme asook die versoeking om uit die fonds te bedank ten einde die kontant te kan bekom om die nie-lidgade te betaal. So 'n vroeë bedanking sal nie alleen die lid se aftreevoordele verklein nie, maar sal dikwels ook tot gevolg hê dat die lidgade alleenlik op sy/haar eie bydraes tot die betrokke fonds geregtig sal wees en nie ook op die werkgewer se bydraes nie.

Gevolglik het die wetgewer die hof die diskresie verleen om te gelas dat die nie-lidgade se aanspraak op die lidgade se pensioenbelang, of 'n gedeelte daarvan, slegs betaalbaar word wanneer die voordele werklik die lid toeval (dit wil sê wanneer hy/sy uit die fonds bedank, sterf, geregtig word op ongeskiktheidsvoordele of aftree).

Sou die hof dus sy diskresie uitoefen en gelas dat die nie-lidgade se aanspraak op die lidgade se pensioenbelang, of 'n gedeelte daarvan, eers betaalbaar word wanneer die voordele werklik die lid toeval, duik die probleem op dat inflasie voortdurend die waarde van die nie-lidgade se aanspraak sal verminder.

In die uitoefening van sy diskresie wil dit voorkom asof daar vir die hof een van drie moontlikhede is naamlik:

- onmiddellike betaling (wat natuurlik sal lei tot kontantvloeiprobleme soos hierbo uiteengesit);
- latere betaling (wat op sy beurt sal lei tot 'n inflasieprobleem);
- 'n gedeelte nou en 'n gedeelte later (dit sal ook tot beide bogenoemde probleme aanleiding gee, maar wel in 'n mindere mate).

Die hof kan egter nie beide hierdie probleme gelyktydig uitskakel nie, aangesien die Wysigingswet op Egskeiding nie voorsiening maak vir die toestaan van rente op die bedrag wat toegeken word nie.

## 4.4. "Pensioenbelang"

"Pensioenbelang" met betrekking tot 'n **pensioenfonds** word omskryf as "die voordele waarop ... 'n lid ... geregtig sou gewees het as sy lidmaatskap ... op die datum van egskeiding beëindig sou geword het ..." Die lid se bedankingsvoordele word dus as maatstaf geneem.

Aangesien die reëls van die meeste pensioenfondse bepaal dat 'n lid by bedanking slegs geregtig is op 'n terugbetaling van sy eie bydraes (sonder inagneming van die werkgewer se bydraes) plus 'n persentasie van die groei, is die voordeelbedrag in geval bedanking normaalweg minder as die bedrag wat die lid op normale aftreedatum sou ontvang het. (By aftrede ontvang die lid sy eie sowel as sy werkgewer se bydraes.)

Waar 'n egpaar dus skei die dag voordat een van hulle onder die pensioenfonds sou aftree, sal die waarde van die pensioenbelang minder wees as die bedrag wat die daaropvolgende dag betaalbaar sou gewees het. Die nie-lidgade sal derhalwe ondervergoed wees, aangesien bedankingsvoordele as maatstaf gebruik word. Daarteenoor sal die lidgade 'n baie groter voordeel ontvang (waartoe die nie-lidgade

direk of indirek bygedra het) as die voordeel wat wel bereken word.

Aan die ander kant sal dit in die meeste gevalle onbillik wees om 'n lid se geprojekteerde aftreevoordeel as 'n maatstaf te gebruik, omdat:

- dit onmoontlik is om te voorspel of hy 'n lid van die fonds sal bly tot by aftrede;
- die nie-lidgade nie na die egskeiding direk of indirek sal bydra nie. Dit sal dus moeilik wees om te kwantifiseer watter persentasie of gedeelte van die lid se uiteindelike voordeel aan die ander gade se (indirekte) bydrae gekoppel kan word.[31]

'n Verdere leemte in die Wysigingswet op Egskeiding is dat **alle** pensioen gekwantifiseer word en nie net dié wat gedurende die huweliksduur opgebou is nie. So byvoorbeeld word daar nie onderskei tussen pensioenverwagtinge opgebou voor of na huweliksluiting nie. Veral in huwelike buite gemeenskap van goed onderhewig aan die aanwasbedeling is dit nie billik dat 'n nie-lidgade ook deel in dit waartoe hy of sy voor die huwelik nie bygedra het nie.[32]

Soortgelyke probleme as wat hierbo genoem is, kan ook ondervind word in die geval van 'n uittree-annuïteitsfonds. So byvoorbeeld kan die beleggingsgroei in die uittredings-annuïteitfonds se portefeulje òf beter òf swakker wees as die voorgeskrewe rentekoers - wat derhalwe òf die een òf die ander van die partye sal benadeel. Fick[33] se kritiek is weer eens dat slegs bydraes wat *stante matrimonio* gemaak is, in ag geneem moet word.

## 4.5. Uittrede uit 'n pensioen- of uittredingsannuïteitsfonds

Die vraag ontstaan watter effek die lid se uitoefening van sy pensioenvoordeelopsies sal hê op die voordeel wat die nie-lidgade in 'n egskeidingsgeding toeval.

Lede is geensins verplig om die volle een derde te kommuteer tot 'n enkelbedrag nie en mag verkies om nie te kommuteer nie, maar om slegs 'n annuïteit of pensioen te ontvang.

Indien 'n lid aftree en verkies om nie 'n gedeelte van sy voordeel te kommuteer nie, maar om die volle voordeel as pensioen of annuïteit te ontvang, ontstaan die vraag met betrekking tot die wyse waarop die gewese gade se deel van die pensioenbelang betaal moet word indien geen enkelbedrag beskikbaar is waarvan dit afgetrek kan word nie.

Net so, indien die volle een derde gekommuteer word en die kommutasiebedrag, minus belasting, onvoldoende is om die gewese gade se aanspraak te bevredig, hoe moet die balans dan betaal word?

Daar is twee benaderings:

[31] Sien Stander *Wysigingswet op Egskeiding 7 van 1989 : verdeling van pensioenverwagting by egskeiding* 1989 **De Rebus** op 856 waar hy die mening uitspreek dat die standpunt om die nie-lidgade se aanspraak te beperk tot die waarde van die pensioenbelang ten tyde van egskeiding, redelikheid *inter partes* bewerkstellig. Volgens die skrywer is die bepaling ook in ooreenstemming met die interpretasie van artikel 7(3) van die Wet op Egskeiding, waar die huidige bedankingswaarde van 'n pensioenaanspraak in ag geneem word en nie 'n onsekere toekomstige waarde nie. As gesag verwys hy na Van Niekerk 1992 **Sanlam Regsnavorsingpublikasie** 18 en Macgregor v Macgregor 1986 3 SA 664 (K) 652 C-D.

[32] Fick 1990 **Tydskrif vir Regswetenskap** 97.

[33] 1990 **Tydskrif vir Regswetenskap** 98.

- Die een veronderstel dat die betrokke fonds nie aan die bepalings van die hofbevel uitvoering sal kan gee as die fondse vir hierdie doeleindes onvoldoende is nie en die nie-lidgade die lid gevolglik sal moet nader om voldoening aan sy/haar eis. Hierdie benadering sal van toepassing wees in die geval waar die voordele uit 'n bedankings- of voorsorgfondsvoordeel bestaan.

- In die geval waar 'n annuïteit of pensioen betaalbaar is, blyk die korrekte benadering te wees dat die volle bedrag van die annuïteit (nadat belasting afgetrek is), maandeliks aan die gewese gade betaal moet word totdat haar deel oorbetaal is. Maar soos vroeër opgemerk, sal geen rente deur die fonds betaalbaar wees nie.

Die grondslag vir laasgenoemde benadering word aangetref in artikel 7(8)(a)(i) van die Wysigingswet op Egskeiding, wat bepaal dat die hof 'n bevel kan gee dat enige deel van die pensioenbelang wat aan die lidgade toegewys word, deur die fonds aan die nie-lidgade betaal moet word wanneer enige pensioenvoordeel daardie lidgade toeval.

Maandelikse pensioenbetalings skep wel "enige pensioenvoordele" en behoort sodoende aangewend te word om aan die hofbevel te voldoen soos en wanneer dit toeval.

Dit sal egter vir die fonds 'n administratiewe las wees indien die fonds die nie-lidgade in paaiemente moet betaal. Daarom wil dit voorkom asof 'n hof in elk geval nie so 'n bevel teen 'n fonds sal gee nie.

Daar is ook ander redes waarom die lidgade se voordele onvoldoende mag wees ter bevrediging van die gewese gade se toegekende voordele. Die fonds mag byvoorbeeld markverwant wees en die voordele sal dus afhang van markfluktuasie of markskommeling. Die nie-lidgade sal in hierdie geval die tekort ten opsigte van die bedrag wat as haar pensioenbelanggedeelte aangeteken is, van haar gewese gade moet verhaal.

Wat egter duidelik uit die Wysigingswet op Egskeiding blyk, is dat sodra die ontvriesingsgebeurlikheid plaasvind, die toegekende voordeel soos dit ten tye van die egskeidingsbevel bereken is, aan die nie-lidgade oorbetaal moet word, ongeag die opsie wat die lid het om byvoorbeeld 'n gedeelte van die pensioen tot 'n enkelbedrag te kommuteer.[34]

Volgens Stander[35] skep die Wysigingswet die indruk dat daar 'n moontlikheid bestaan dat die lid een derde van sy pensioenvoordele tot 'n enkelbedrag kan kommuteer en dat daarbenewens ook 'n bedrag, toegeken ingevolge die egskeidingsbevel, aan die nie-lidgade betaal kan word, welke enkelbedrae dus gesamentlik meer kan wees as die maksimum enkelbedrag van een derde wat deur die lid tot 'n kontantbedrag gekommuteer mag word.

Die Regskommissie het egter in sy Werkstuk[36] voorgestel dat artikel 7(8) sodanig gewysig word dat 'n hof nie 'n bevel kan maak wat tot gevolg het dat 'n bedrag hoër as een derde van die totale waarde van 'n jaargeld wat 'n lid in 'n enkelbedrag mag omskep, aan die nie-lidgade toegeken word nie.

---

[34] Sien Sonnekus 1994 **TSAR** 71 waar hy van mening is dat die nie-lidgade se regmatige aanspraak verkieslik in die vorm van periodieke uitkerings behoort te wees eerder as 'n som wat ineens betaalbaar is.
[35] 1989 **De Rebus** 856.
[36] *Werkstuk 43, Projek 41* Maart 1993 46. Sien ook Sonnekus 1994 **TSAR** 70 in dié verband.

## 4.6. Risikovoordele

Afgesien van aftreevoordele, bied aftreefondse ook risikovoordele, wat gewoonlik betaalbaar is in die vorm van 'n enkelbedrag by dood of ongeskiktheid.

Hierdie risikovoordele vorm egter nie deel van die definisie van pensioenbelang nie en dit is nie moontlik om enige van hierdie voordele aan 'n gewese gade te sedeer of om begunstigdes onherroeplik ingevolge daarvan te benoem nie.

Risikovoordele is normaalweg duur en 'n gedeelte van die bydraes tot die aftreefondse word aangewend as premie vir die risikovoordele.

In geval van 'n pensioenfonds sal die pensioenbelang bereken word met verwysing na die voordele waarop die lidgade geregtig sou gewees het indien hy/sy op die datum van egskeiding sou bedank het. Daar is dus geen verwysig na enige risikovoordele nie.

In geval van 'n uittree-annuïteitsfonds word die pensioenbelang weer bereken met verwysing na die totale bedrag van die lid se bydraes tot die fonds tot op die datum van egskeiding, tesame met rente. Die feit dat 'n groot gedeelte van die bydraes moontlik aangewend is om risikovoordele te befonds, word dus heeltemal geïgnoreer.

Ingevolge die nuwe Inkomstebelastingwet is die vroegste tydstip waarop uittredingsannuïteitfondsvoordele 'n lid kan toeval, alleenlik wanneer hy/sy die ouderdom van 55 bereik. Waar 'n endossement in die fonds se rekords aangebring is ten gunste van 'n gewese gade, is daar niks wat die lid verhoed om sy aftreedatum later te maak nie en sodoende sal dit die toevalling daarvan aan die gewese gade vertraag.

## 4.7. Bedanking uit pensioenfonds : Diskresionêre voordele

In geval van bedanking maak menige pensioenfonds voorsiening vir 'n basiese voordeel by bedanking en laat 'n addisionele bedrag toe volgens diskresie van die fondstrustees. Aangesien die betaling van hierdie addisionele voordele in die diskresie van die trustees berus, word dit betoog dat die lid nie kan aanvoer dat hy geregtig is op hierdie diskresionêre gedeelte nie en dat die addisionele bedrag nie in berekening gebring kan word in die berekening van die pensioenbelang nie.

Waar die totale voordeel diskresionêr is, wat nie ongewoon is in die geval van nie-bydraende voorsorgfondse nie, kan dit daartoe aanleiding gee dat die pensioenbelangvoordeel dus nul is.

Sommige prokureurs stel skikkingsooreenkomste op sonder om vas te stel wat die bedrag van die pensioenbelang regtig sal verteenwoordig. In die geval waar 'n deel of die geheel van die pensioenbelang diskresionêr is, kan dit tot 'n geweldige teleurstelling vir die nie-lidgade lei wanneer die voordele haar later jare sou toeval. Die lid sal sy basiese voordeel ontvang en na alle waarskynlikheid ook die diskresionêre voordeel. Al wat die gewese gade sal ontvang is haar toegekende aandeel in die basiese voordeel soos dit op die datum van egskeiding bestaan het (sonder rente).

Weereens bestaan daar twee benaderings:

- Die een veronderstel dat die fonds nie die bepalings van die hofbevel kan

uitvoer as daar onvoldoende fondse vir hierdie doeleindes is nie, met die gevolg dat die nie-lidgade die lid moet nader ter voldoening van sy/haar eis.

- Die ander benadering, wat die meer aanvaarbare is, is dat die volle annuïteitsbedrag, nadat belasting afgetrek is, maandeliks aan die gewese gade betaal moet word totdat haar deel betaal is. Soos vroeër gemeld, sal geen rente deur die fonds betaal word nie. Die grondslag vir hierdie benadering word gevind in artikel 7(8)(a)(i) van die Wysigingswet op Egskeiding, wat bepaal dat die hof 'n bevel mag maak dat enige deel van die pensioenbelang wat aan die lidgade toegewys word, deur die fonds aan die nie-lidgade betaal moet word wanneer enige pensioenvoordeel daardie lidgade toeval.

## 4.8. Dood van nie-lidgade en lidgade

Aangesien die nie-lidgade se reg om in die pensioenbelang van die lidgade te deel beskou word as iets veel meer as net 'n *spes* en dus as eiendom in 'n egskeidingsgeding geag word, sal die toegekende pensioenbelang deel vorm van die **nie-lidgade** se verdeelbare boedel by dood.

Die toegekende voordeel aan die **nie-lidgade** sal egter alleenlik betaalbaar wees in die geval van een van die ontvriesingsgebeurlikhede (naamlik by die aftrede, bedanking, ongeskiktheid of afsterwe van die lidgade).

Prakties gesproke beteken dit dus dat indien die nie-lidgade sterf voordat hy of sy enige betaling van die toegekende gedeelte van die pensioenbelang ontvang het, sy/haar boedel later heropen moet word, of dat die afhandeling daarvan uitgestel moet word totdat een van die "ontvriesingsgebeurlikhede" plaasvind.[37]

Die voortydige afsterwe van die nie-lidgade, dit wil sê voordat hy/sy enige betaling van die toegekende gedeelte van die pensioenbelang ontvang het, sal daartoe lei dat sy/haar boedel later heropen moet word of dat die afhandeling daarvan uitgestel moet word totdat een van die "ontvriesingsmoontlikhede" plaasgevind het.

Hoewel die nie-lidgade se reg op die toegekende pensioenbelang reeds by sy/haar dood beskikbaar is vir vererwing, sal die werklike uitvoering daarvan eers uitgestel moet word totdat een van die "ontvriesingsgebeurlikhede" plaasvind.

Hierdie toedrag van sake mag dus aanleiding gee tot die onnodige vertraging in die beredderring van bestorwe boedels.

## 4.9 Boedelbelastingimplikasies

Boedelbelasting sal nie deur die lidgade se boedel betaalbaar wees op daardie gedeelte van die pensioenbelang wat toegeken is aan die nie-lidgade nie.[38] Die toegekende pensioenbelang vorm nie deel van die lidgade se boedel nie en word ook nie as 'n bate geag in die boedel van die lidgade nie, aangesien die lidgade ingevolge die hofbevel nie voor sy dood oor daardie gedeelte kon beskik het nie.[39]

'n Argument ten gunste van die insluiting van die toegekende voordele wat as eiendom geag word, word aangetref in artikel 3(3)(a)(bis) van die

[37] Van Niekerk 1992 **Sanlam Regsnavorsingpublikasie** 17; Marcusse August 1994 **Insurance and Tax** 12.
[38] Van Niekerk 1992 **Sanlam Regsnavorsingpublikasie** 17.
[39] Artikel 3(d) en 3(5) van die Boedelbelastingwet 45 van 1955.

Boedelbelastingwet 45 van 1955[40] wat bepaal dat "soveel van enige voordeel wat deur enige fonds by of as gevolg van die dood van die oorledene verskuldig en betaalbaar is" as eiendom van die oorledene beskou word. Voordele wat dus kragtens 'n hofbevel aan die vorige eggenoot toegeken is, is 'n voordeel wat by die **lid se dood verskuldig en betaalbaar word**, ongeag aan wie dit betaal word.

Meneer Ulrich Stander[41] is egter van mening dat die toegekende voordeel nie as eiendom geag behoort te word nie, aangesien die voordele:

(a) by die dood van die oorledene, of

(b) as gevolg van die dood van die oorledene,

(c) **verskuldig en betaalbaar** moet wees.

Volgens Stander[42] word daar wel aan (a) voldoen, maar nie aan (b) en (c) nie, aangesien die voordeel kragtens 'n **hofbevel** en nie as gevolg van die **dood** nie, **betaal** word en die voordeel nie **verskuldig word** by die dood of as gevolg van dood nie. Die voordeel is, volgens hom, reeds vanaf die oomblik van die hofbevel verskuldig en nie eers vanaf die lid se dood nie.

Dit word in oorweging gegee dat reeds by egskeiding 'n gedeelte van die pensioenbelang aan die nie-lidgade toegeken is en oorbetaling daarvan word slegs uitgestel totdat een van die ontvriesingsgebeurlikhede plaasvind (byvoorbeeld die dood van die lidgade.)

### 4.10 Huislenings teen sekuriteit van pensioenvoordele

In die geval waar 'n pensioenfonds of 'n werkgewer 'n huislening aan 'n lidgade toegestaan het of borg gestaan het ten gunste van 'n derde party wat 'n huislening aan die lidgade toegestaan het, kan die uitstaande bedrag ten opsigte van sodanige lening van 'n lid se voordele afgetrek word sodra die voordele die lid toeval.

Die vraag wat hier ontstaan, is of die bepaling van die lid se pensioenbelang beïnvloed moet word deur die bestaan van so 'n huislening.

Volgens die definise van "pensioenbelang" verwys dit na die voordele waarop 'n lid geregtig sou wees by bedanking. Hy sou geregtig gewees het op sy volle voordele, maar die fonds sal daarop geregtig wees om die waarde van die uitstaande huislening daarvan af te trek.

Indien die huislening in ag geneem word ter berekening van "pensioenbelang", sal dit met ander woorde dubbel in berekening gebring word, aangesien dit van die waarde van die huis reeds afgetrek sou word by die berekening van die partye se bates by egskeiding.

Daarteenoor, indien die lid wel 'n uitstaande huislening het op datum van egskeiding, sal die uitstaande lening afgetrek word van die pensioenvoordele sodra dit hom toeval. Daar kan dus daarna onvoldoende fondse wees om die gewese gade se toegekende deel in die pensioenbelang te bevredig.

---

[40] Hierna verwys as die Boedelbelastingwet.

[41] 1989 **De Rebus** 857.

[42] 1989 **De Rebus** 857.

In so 'n geval behoort sy dan 'n verhaalsreg teen haar gewese man te hê, maar nie teen die fonds nie.

### 4.11 Skikkingsakte

Die skikkingsprosedure kan op sigself probleme veroorsaak. As 'n lid se pensioenbelang nie in die skikkingsooreenkoms genoem word nie, kan daar geargumenteer word dat die nie-lidgade stilswyend afstand gedoen het van sy/haar aanspraak op 'n deel daarvan.

Dit kan natuurlik aanleiding gee tot probleme en/of onbillikheid in egskeidingsake waar een van die partye nie regsverteenwoordiging geniet nie. 'n Gade mag byvoorbeeld nie eens daarvan bewus wees dat hy/sy 'n aanspraak het op die waarde van die ander gade se pensioenbelang nie.

Die Wysigingswet op Egskeiding verleen dus geen outomatiese reg op die pensioenvoordele aan die nie-lidgade nie. Die pensioenbelang is bloot 'n verdere bate wat deur die hof in berekening gebring moet word in sy besluit met betrekking tot die verdeling van die huweliksbates by egskeiding.

Verder kan die verkeerde bewoording in die skikkingsooreenkoms ook daartoe lei dat die nie-lidgade geen verhaalsreg teen die fonds het nie, maar dat sy/haar eis slegs teen die lidgade afdwingbaar is. In sommige gevalle word die skikkingsooreenkoms sodanig opgestel dat daar gepoog word om die pensioenvoordele aan die nie-lidgade te sedeer en word dié ooreenkoms dan ook 'n bevel van die hof gemaak. Dié bevel sal egter nie teen die betrokke fonds afgedwing kan word nie, aangesien 'n sessie van pensioenvoordele nie moontlik is nie.

Indien die partye egter beoog het dat 'n aantekening in die fonds se rekords gemaak moet word, moet die volgende inligting onder andere in die ooreenkoms vervat word ten einde die ooreenkoms afdwingbaar te maak:

- Watter party se pensioenbelang is ter sprake : eiser of verweerder?
- Die persentasie van pensioenbelang ten opsigte waarvan 'n bevel gegee moet word, alternatiewelik in 'n vasgestelde bedrag uitgedruk;
- Die naam van die fonds(e) waaraan die lidgade behoort;
- 'n Bevel dat die fonds(e) 'n aantekening van die pensioenbelangverdeling in sy rekords moet maak.[43]

Indien die skikkingsooreenkoms nie aan bogenoemde vereistes voldoen nie, sal die ooreenkoms van geen waarde wees nie, en sal die fonds hom nie laat bind deur die skikkingsooreenkoms nie.[44]

Die nie-lidgade kan dus onder 'n valse indruk verkeer dat aangesien die

---

[43] Lane *Pensions and divorce : dealing with pension interests* 1993 **De Rebus** meld op 1092 dat "any reference in a court order to the 'pension interest' will apply to the whole of that pension interest, not simply to the portion of the pension interest which coincides with the period of subsistence of the marriage." Volgens Meyer 1994 *"Pensions and divorce : Restrict "pension interest" to ascertainable lump sum"* **De Rebus** 70 is Lane se stelling dat "pension interest should apply to the whole of pension interest and not only that portion which coincides with the period of the marriage" slegs korrek wat betref huwelike binne gemeenskap van goed, "but it seems inconsistent in respect of marriages under the accrual regime".

[44] Potgieter *Die verdeling van 'n persoon se pensioenbelang by egskeiding* 1992 **De Rebus** 135-136.

skikkingsooreenkoms 'n bevel van die hof gemaak is, sy die sekuriteit het dat die fonds wel haar toegekende deel aan haar sal betaal by die plaasvind van een van die "ontvriesingsgebeurlikhede".

Wat wel in so 'n geval sal gebeur, is dat sy haar tot haar gewese man sal moet wend om voldoening aan haar eis.

### 4.12 "Volopbetaalde" pensioen

'n "Volopbetaalde" pensioen is waar 'n lid sy werkgewer se diens verlaat, maar die reëls van die fonds daarvoor voorsiening maak dat hy sy voordele in die fonds agterlaat, wat aan hom betaalbaar sal wees sodra hy normale aftree-ouderdom bereik of by dood, watter datum ook al die vroegste is.[45] Waar die partye skei nadat die lid sy diens beëindig het en 'n volopbetaalde pensioen in die fonds agterlaat, waaruit sal sy "pensioenbelang" saamgestel wees vir die doeleindes van bateberekenig by egskeiding?

Die antwoord is dat met betrekking tot die pensioenfonds waarin die volopbetaalde voordele agtergelaat is, daar geen pensioenbelang is nie.[46] Die definisie van "pensioenbelang" verwys na die voordeel waarop die lid geregtig sou gewees het indien hy op die dag van egskeiding sou bedank en sy lidmaatskap tot die fonds beëindig sou word. Aangesien bedanking plaasgevind het voor die datum van egskeiding, sal die pensioenbelang nul wees.[47]

### 4.13 Bewaringsfondsoordragte

In geval van bedanking, kan 'n lid sy voordele oordra na 'n sogenaamde bewaringsfonds. Hy is daarop geregtig om een onttrekking uit hierdie fonds te maak en om die balans (indien enige) te neem wanneer hy aftree-ouderdom bereik.

Sou 'n gade dus bedank en sy pensioenvoordele na 'n bewaringspensioenfonds oordra en daarna skei, sal die "pensioenbelang" per definisie nul wees met verwysing na 'n pensioenbelang as bate in die boedel vir egskeidingsdoeleindes.

Aan die ander kant sal die lidgade gepenaliseer word indien hy reeds geskei was en hy daarna bedank en kies om sy bedankingsvoordele oor te dra na 'n bewarings-pensioenfonds. By bedanking sal die trustees, indien die egskeidingbevel wel teen die fonds se rekords geëndosseer is, die nie-lidgade se toegekende deel aan haar/hom moet uitbeteaal. Sodanige uitbetaling sal as 'n ontrekking beskou word met die gevolg dat die lidgade tot aftrede sal moet wag alvorens hy/sy enige verdere kontantvoordele sal mag ontvang.

### 4.14 Bewaring van voordele

Ten einde lede aan te moedig om in geval van bedanking eerder hul voordele te bewaar tot aftrede, word 'n groter voordeel aan die lid verleen indien hy sy voordele sou bewaar deur dit in die fonds agter te laat of deur die voordele oor te dra na sy

[45] Alhoewel die lid wel 'n beskermde reg het om die voordele op die toekomstige datum te ontvang, kan hy nie voor normale aftrede aanspraak maak op daardie voordeel nie - 'n voorwaarde van 'n volopbetaalde pensioen is dat dit eers by aftrede betaalbaar is.

[46] Die volopbetaalde pensioen het nie 'n bedankingswaarde of 'n onttrekkingsvoordeel op grond waarvan die pensioenbelang bereken kan word nie.

[47] Marcusse 1994 **Insurance and Tax** 13-14.

nuwe werkgewer se fonds of na 'n uittree-annuïteitsfonds of 'n bewaringsfonds. Sou die lid verkies om die kontant te neem, ontvang hy gewoonlik 'n kleiner voordeel as andersins.

In die berekening van "pensioenbelang", word die kleiner kontantvoordeel gewoonlik gekwoteer. Sou die lid die fonds verlaat en sy voordele bewaar, vind 'n baie groter toevalling in werklikheid plaas.

### 4.15 Pensioenbetalings

Wat gebeur indien 'n persoon reeds afgetree het en 'n maandelikse pensioen ontvang en daarna skei?

Daar kan geargumenteer word dat die kapitaalwaarde van sy pensioenvoordele as sy "pensioenbelang" beskou moet word op die datum van egskeiding. Hierdie benadering kan egter nie korrek wees nie, aangesien die "pensioenbelang" nie van toepassing is op 'n pensioenaris wat reeds afgetree het en 'n inkomste in die vorm van 'n pensioen ontvang nie.

Daar behoort met die pensioeninkomste op dieselfde wyse gehandel te word as enige ander inkomste in die egskeidingsooreenkoms. Dit behoort nie as 'n enkelbedragbate beskou te word nie.[48]

### 4.16 Huwelike onderhewig aan die aanwasbedeling

In geval van 'n huwelik buite gemeenskap van goed, waar die aanwasbedeling nie kontraktueel uitgesluit is nie, is 'n gade gewoonlik slegs geregtig op 'n deel van die aanwas **gedurende die huwelik** en nie op 'n deel wat **voor** die huwelik verkry is nie. Dit is per slot van sake een van die belangrikste verskille tussen 'n huwelik binne gemeenskap van goed en 'n huwelik buite gemeenskap van goed wat aan die aanwasbedeling onderworpe is.

Dit veroorsaak 'n groot probleem, deurdat 'n gade se pensioenbelang in der waarheid slegs 'n hoop is en dit dus nie ingesluit kan word in die waardasie van sy/haar bates soos op datum van die huwelik volgens die aanwasbedeling nie. As gevolg van die agtingsbepaling word die pensioenbelang egter in ag geneem by egskeiding. Die nie-lidgade is dus geregtig op 'n deel van die pensioenbelang wat reeds **voor** die huwelik verkry is, hoewel hy/sy nie daartoe bygedra het nie, hetsy direk of indirek. Dit kan dus 'n groot invloed hê waar 'n gade 'n aansienlike pensioenbelang voor die huwelik verkry het.[49]

## 5. ONDERSOEKE DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE REGSKOMMISSIE

Soos in die voorafgaande hoofstuk uiteengesit, het die bepalings van die Wysigingswet op Egskeiding aanleiding gegee tot 'n aantal probleemareas en onduidelikhede ten opsigte waarvan voorstelle en aanbevelings aan die Departement van Justisie gemaak is. Hierdie voorstelle en aanbevelings is weer terugverwys na die Suid-Afrikaanse Regskommissie vir oorweging. Die gevolg was dat gedurende 1993 die Regskommissie 'n verdere ondersoek geloods het met die oog daarop om die beweerde probleme op te los.[50] 'n Verdere verslag is

[48] Meyer 1994 **De Rebus** 70.
[49] Phillips *Divorces and pension benefits, when spouses and money part* 1990 **Businessman's Law** 155.
[50] *Werkstuk 43, Projek 41,* Maart 1993.

in Maart 1995 gepubliseer met die titel : "The sharing of Pension Benefits on Divorce". Die vernaamste aanbevelings was:

- 'n Wysiging van die definisie van "pensioenbelang" sodat -

  (i) voorsiening gemaak kan word vir die verskil in die waarde van voordele by bedanking, dood of ongeskiktheid van 'n lid van 'n pensioenfonds;

  (ii) voorsiening gemaak word vir die aktuariële berekening van die waarde van verskillende tipes van uitgestelde pensioene;

  (iii) die aktuariële reserwewaarde in geval van 'n uittree-annuïteit die norm sal wees vir die vasstelling van die waarde van sodanige annuïteit soos op datum van egskeiding van 'n lid.

- Om voorsiening te maak vir die vasstelling van die aanvangswaarde van 'n pensioenbelang in die geval van 'n huwelik wat onderhewig is aan die aanwasbedeling;

- 'n Wysiging van artikel 7(8) van die Wet op Egskeiding, dat die uitstel van betaling van pensioenbelang alleenlik as uitweg gekies behoort te word wanneer daar geen ander bevredigende metode is om pensioenverdeling te bewerkstellig nie.

Die Regskommissie het dit egter duidelik gemaak dat sy ondersoek gemik was op die oplossing van spesifieke probleme wat geopper is in die aanbevelings en nie om die basiese beginsels onderliggend aan pensioenverdeling te hersien nie. Die feit dat geen voorsiening gemaak is vir die betaling van rente of vir die effek van inflasie waar betaling van die nie-lidgade se aandeel in die pensioenbelang uitgestel is totdat die pensioenvoordele betaalbaar word, is veral gekritiseer[51]. Die Regskommissie het desnieteenstaande by sy vorige standpunt gebly dat geen voorsiening gemaak behoort te word vir die byvoeging van rente nie[52].

Die Life Offices' Association (LOA) en die Instituut van Aftreefondse het die standpunt gehuldig dat die onbillike wyse waarop die nie-lidgade se gedeelte van die pensioenbelang gehanteer word, 'n bron van groot ontevredenheid is[53]. Hulle het aanbeveel dat meer billike oplossings op die lang duur gevind behoort te word. Hulle sienings is ondersteun deur verskeie ander respondente. Die Minister het kennis geneem van hulle standpunte en op 17 Junie 1997 is daar goedkeuring verleen dat die Regskommissie se program 'n algehele omvattende ondersoek sal insluit met betrekking tot pensioenverdeling.

In hoofstuk 4 van die Suid-Afrikaanse Regskommissie se Werkstuk van 1998[54] is die volgende voorgestel:

- 'n Persoon wat getroud is met 'n lid van 'n aftreefonds behoort in beginsel geregtig te wees om te deel in die aftreefondsvoordele van die lidgade. Die beginsel word gebaseer op die veronderstelling dat aftreefondsvoordele geakkumuleer word tot voordeel van die lid en dié se familie met die oog op die lid se aftrede, of vir die lid se afhanklikes by sy/haar dood. Die lid se huweliksmaat het gevolglik 'n regmatige aanspraak op die lid se aftreefondsvoordele. Die beginsel dat hierdie verwagting nie tot niet moet gaan vanweë die lid se egskeiding nie, word reeds erken in ons reg. Die oorweging is dat die hele aangeleentheid van die verdeling van aftreefondsvoordele

[51] Paragraaf 3.1.4. – 3.1.10. van die **S.A. Regskommissie se 1995-verslag** :*The sharing of Pension Benefits on Divorce*. (Hierna die 1995-verslag genoem.)
[52] Paragraaf 4.2.5. van die 1995-verslag.
[53] Paragraaf 3.1.10 van die 1995-verslag.
[54] *Werkstuk 77, Projek 112* Julie 1998.

tussen gades in die geval van 'n egskeiding gereguleer behoort te word deur spesifieke wetgewing wat uitsluitlik met hierdie aangeleentheid sal handel. Daar is beoog om in hierdie doelwit te slaag deur middel van die voorgestelde wetsontwerp.

- In klousule 1 van die wetsontwerp word 'n aantal begrippe gedefinieer. In die besonder word daar verwys na die definisie van egskeiding. Dit word aanbeveel dat vir doeleindes van die verdeling van aftreefondsvoordele, die sogenaamde gewoonteregtelike huwelike in Suid-Afrika dieselfde erkenning moet geniet as 'n huwelik gesluit volgens die Suid-Afrikaanse reg. Hierdie insluiting kan egter tot praktiese probleme lei deurdat die aanvangsdatum en die ontbindingsdatum van die huwelik van deurslaggewende belang is in die voorgestelde wetgewing, aangesien die omvang van 'n nie-lidgade se reg vasgestel word met verwysing na die duur van die huwelik. Aangesien die meerderheid van gewoonteregtelike huwelike nie geregistreer is nie, is daar geen klinkklare bewyse van die aanvangsdatum van sodanige huwelike nie. Die ontbinding van 'n gewoonteregtelike huwelik word verder op informele wyse gehanteer, met die gevolg dat geen formele bewys van sodanige ontbinding beskikbaar is nie. Ten einde gewoonteregtelike en godsdienstige huwelike te kan akkommodeer vir die doeleindes van die verdeling van aftreefondsvoordele, word in klousule 6 van die wetsontwerp voorsiening gemaak vir die wyse waarop die aanvangs- en ontbindingsdatum van sodanige huwelike bewys kan word.

- In klousule 2 van die voorgestelde wetsontwerp word die breë beginsels van die voorgestelde wetgewing uiteengesit. 'n Nie-lidgade se reg om te deel in die aftreefondsvoordele van die lidgade in die geval van egskeiding, word vervat in klousule 2(1) van die wetsontwerp. Die kontraktuele vryheid van gades om die verdeling van pensioenfondsvoordele tussen hulle uit te sluit, word erken in klousule 2(2) van die wetsontwerp. (Dit is moontlik dat gades hul eie reëlings kan tref met betrekking tot die voorsiening vir hul aftrede en dat hulle nie die beskerming van die beoogde wetgewing verlang nie.) Daar word verder betoog dat gades vry behoort te wees om ander bates te ontvang in ruil vir 'n aandeel in die pensioenfondsvoordele (klousule 2(4) van die wetsontwerp). Dit behoort egter nie moontlik te wees om sodanige substitusie af te dwing teen 'n nie-lidgade nie.

- Dit is belangrik om daarvan kennis te neem dat die reg om te deel in die aftreefondsvoordele van die ander huweliksgenoot, 'n wedersydse reg is. Indien beide gades lede is van aftreefondse, het elke gade die reg om te deel in die aftreefondsvoordele van die ander.

- Daar word verder betoog dat die reg om te deel in die aftreefondsvoordele van 'n gade, nie van die huweliksgoederebedeling ingevolge waarvan hulle getroud is, behoort af te hang nie. Nog minder behoort die verdeling van sodanige voordele vasgestel te word deur die huweliksgoederereg. Gevolglik, tensy die partye uitdruklik andersyds ooreengekom het, behoort die verdeling van aftreefondsvoordele tussen hulle ten uitgevoer gebring te word in ooreenstemming met die bepalings van die voorgestelde wetgewing, ongeag die huweliksgoederebedeling wat op hul huwelik van toepassing is. Hierdie benadering is geensins vreemd aan die huweliksgoederereg nie. Gevolglik maak klousule 10 van die wetsontwerp voorsiening vir die herroeping van artikel 7(7) van die Wet op Egskeiding waarkragtens 'n pensioenbelang geag word deel te wees van die bates van 'n lid van 'n pensioenfonds. Klousule 11 van die wetsontwerp maak spesifiek daarvoor voorsiening dat geen aftreefondsvoordeel en geen reg tot sodanige voordeel deel sal vorm van 'n lid se boedel vir die doeleindes van die vasstelling van die aanwas van sy/haar boedel nie. In die algemeen is die bepalings van die wetsontwerp daarop gemik om die nie-lidgade te voorsien van 'n deel van die lidgade

se aftreefondsvoordele sonder enige verwysing na die huweliksgoederebedeling wat op hulle van toepassing mag wees.

- Met betrekking tot die aftreefondsvoordele waarop 'n nie-lidgade in geval van egskeiding geregtig behoort te wees, word aanbeveel dat 'n onderskeid getref word tussen voordele wat uitkeerbaar raak en onuitkeerbare voordele. In die geval van onuitkeerbare voordele, behoort daar ook 'n onderskeid getref te word tussen vastebydrae- en vastevoordeelskemas. In die geval van uitkeerbare voordele is daar geen onduidelikheid met betrekking tot die bedrag wat beskikbaar is vir verdeling tussen die gades in geval van egskeiding nie. Dit is slegs nodig om die nie-lidgade se deel te bepaal met verwysing na die duur van die huwelik in verhouding tot die totale tydperk waartydens aftreevoordele ontvang is deur die lid. Voorsiening word hiervoor gemaak in klousule 4(1) van die wetsontwerp. Daar word voorgestel dat die nie-lidgade sy/haar deel van die aftreefondsvoordele direk van die fonds behoort te ontvang.

- 'n Vastebydraeskema werk op dieselfde basis as 'n spaarrekening. Die rekening-balans, wat insluit bydraes tot die fonds en die beleggingsopbrengs wat van tyd tot tyd ten opsigte daarvan geallokeer word, kan te eniger tyd vasgestel word. Dit is gevolglik moontlik om 'n verdeling van 'n lid se aftreefondsvoordele ten uitvoer te bring in die geval van 'n vastebydraeskema. Die nie-lidgade sal geregtig wees op die helfte van die bedrag wat in die fonds geakkumuleer het gedurende die huwelik. Daar word aanbeveel dat op datum van egskeiding, 'n verdeling van die lid se rekeningbalans behoort plaas te vind en dat die nie-lidgade se deel oorgedra word na 'n afsonderlike rekening in sy/haar eie naam. Sodanige gedeelte behoort in eie reg 'n beleggingsopbrengs te verdien en onderhewig te wees aan dieselfde reëls met betrekking tot die datum van betaling en die wyse waarop betaling gedoen behoort te word, as wat geld ten opsigte van die lid se voordele (klousule 3 van die Wetsontwerp).

- Waar die lid se aftreefondsvoordele egter bestaan uit 'n vastevoordeelskema, word aanbeveel dat in geval van egskeiding, die nie-lidgade geregtig behoort te wees op 'n uitgestelde aftreefondsvoordeel wat betaalbaar sal wees wanneer die lidgade se voordele opeisbaar (betaalbaar) raak. Die vasstelling van die nie-lidgade se deel verskil egter omrede dit afhanklik is van sekere gebeurlikhede. In dié verband word aanbeveel dat 'n onderskeid getref behoort te word tussen die geval waar die voordele betaalbaar raak as gevolg van die lid se bedanking, ontslag of die ontbinding van sy/haar aftreefonds aan die een kant en enige ander omstandighede (soos aftrede of dood) aan die ander kant. Ten opsigte van eersgenoemde kategorie word dit aanbeveel dat die nie-lidgade se deel in verhouding moet wees met die voordele wat die lidgade toeval as gevolg van sy/haar bedanking, ontslag of die ontbinding van die fonds, wat vasgestel moet word met verwysing na die voordele wat geakkumuleer is gedurende die bestaan van die huwelik in verhouding tot die totale tydperk waartydens voordele geakkumuleer is (Klousule 4(1) (a) van die wetsontwerp).

- In die geval waar voordele betaalbaar raak in omstandighede anders as in die geval van bedanking, ontslag of ontbinding van die aftreefonds, word daar aanbeveel dat die nie-lidgade se deel vasgestel behoort te word met verwysing na die periode waartydens pensioengewende diens geakkumuleer is gedurende die bestaan van die huwelik, in verhouding tot die totale periode waartydens pensioengewende diens geakkumuleer het en die aktuariële aanspreeklikheid van die aftreefonds ten opsigte van die lid, onmiddellik voordat die voordele betaalbaar raak. Die voorgestelde formule word vervat in klousule 4(1)(b) van die voorgestelde wetsontwerp. Daar word veronderstel dat die aktuariële aanspreeklikheid maklik berekenbaar sal wees sonder

noemenswaardige vertraging of koste.

Die voorgestelde wetsontwerp was opgestel in noue samewerking met verteenwoordigers van die Instituut van Aftreefondse, die Life Offices' Association en die Aktuariële Vereniging van Suid-Afrika.

## 6. TEKORTKOMINGE VAN DIE HUIDIGE WETGEWING

Hoewel die Wysigingswet op Egskeiding verwelkom moet word as langverwagte en nuttige wetgewing, bevat dit nietemin sekere tekortkominge, veral met betrekking tot die betaling van rente, belastingimplikasies en die effek van inflasie. Die wetsontwerp beoog wel om sekere knelpunte aan te spreek, maar bied steeds geen oplossing vir die onderhawige tekortkominge nie.

Al sou die reg om in die pensioenbelang van die lidgade te deel, nie afhang van die huweliksgoederereg ingevolge waarvan die partye getroud is nie, sal die nie-lidgade steeds in geval van 'n huwelik binne gemeenskap van goed en waar die aanwasbedeling van toepassing is, outomaties geregtig wees op een helfte van die lidgade se pensioenbelang. Hierdie eis is nie outomaties afdwingbaar teen die betrokke pensioenfonds nie, maar wel teen die lidgade persoonlik. In so 'n geval moet die lidgade dan die ander gade se eis in kontant (of by wyse van ander bates) bevredig.

Dit mag egter die lidgade se likiditeit nadelig beïnvloed en die lidgade aanmoedig om uit die fonds te bedank. Soos *supra* reeds bespreek is, kan so 'n vroeë bedanking uit die fonds nadelige gevolge vir die lidgade inhou.

Die wetgewer het egter 'n mate van verligting in die Wysigingswet op Egskeiding probeer verskaf en aan die hof 'n diskresie verleen om te beveel dat die nie-lidgade se pensioenbelang alleenlik oorbetaal moet word wanneer die pensioenvoordele die lidgade toeval.

Sou die hof sy diskresie kragtens artikel 7(8)(a) uitoefen en beveel dat betaling uitgestel moet word, word die lidgade se likiditeit nie geraak nie, maar die nie-lidgade word benadeel omrede die wet nie voorsiening maak vir die betaling van rente of die beskerming teen inflasie nie.

Dit sal tot onbillikheid lei, aangesien die nie-lidgade 'n aansienlike tyd sal moet wag alvorens die toegekende pensioenbelang ontvang word, sonder om die voordele van enige groei in die fonds te geniet of om rente op die bedrag te ontvang.

Onmiddellike betaling raak dus die lidgade se likiditeit nadelig, terwyl uitstel van betaling die nie-lidgade benadeel.

Soos *supra* bespreek is, benadeel huidige wetgewing ook die lidgade wanneer die belastingaanspreeklikheid van die pensioenvoordele wat ontvang word bepaal moet word, aangesien die lidgade belas word op die volle voordeel en nie slegs op die gedeelte wat hy/sy in werkilikheid ontvang nie.

Die definisie van "pensioenbelang" mag in die praktyk ook lei tot die verdere onbillike gevolg dat die bedrag wat by bedanking verskuldig is, gewoonlik aansienlik minder is as die bedrag beskikbaar by aftrede. Byvoorbeeld, indien 'n egpaar sou skei 'n dag voordat die lidgade sou aftree, sal die "pensioenbelang" (per definisie) en die werklike voordeel wat die lid sou ontvang, aansienlik verskil.

Hoewel die voorgestelde wetsontwerp voorsiening maak vir die erkenning van gewoonteregtelike huwelike, sal dit egter steeds nie voorsiening maak vir die geval waar die lidgade meerdere gades het of vir die sogenaamde "selfde-geslag"- partye nie.

Die wetsontwerp moet eerder gesien word as 'n vertrekpunt vir verdere bespreking as 'n finale produk. Wat wel positief is, is die feit dat daar voorsiening gemaak word vir die splitsing van voordele by egskeiding.

## 7. VOORGESTELDE OPLOSSINGS

### 7.1. Praktiese oplossings

Een metode om die slaggate te vermy wat in Hoofstuk 6 hierbo genoem word, sal wees om 'n behoorlike skikkingsooreenkoms op te stel. Die Wysigingswet op Egskeiding wysig immers nie die prosedure waarkragtens gades in 'n egskeidingsgeding 'n skikkingsooreenkoms kan bereik, wat deur die hof geïnkorporeer mag word in sy finale egskeidingsbevel nie.

So staan dit byvoorbeeld die partye vry om ooreen te kom dat rente betaal moet word met betrekking tot die nie-lidgade se toegekende pensioenbelang, of dat die nie-lidgade die lid moet vergoed vir die belasting wat hy/sy ten opsigte van die nie-lidgade se gedeelte sal moet betaal. Hierdie ooreenkoms kan wel deel uitmaak van die egskeidingsbevel, maar sal slegs *inter partes* geld.

Ten einde hierdie probleem te oorkom, kan die partye eerder ooreenkom dat die nie-lidgade se gedeelte van die pensioenbelang argumentsonthalwe 50% sal beloop, minus 'n bedrag gelykstaande aan die belasting wat deur die lid ten opsigte van sy fondsvoordele betaalbaar is en wat direk toegewys kan word aan die nie-lidgade se gedeelte van die voordele.

Dit mag egter vir die **lidgade** uit 'n belastingoogpunt steeds gunstiger wees om by wyse van ooreenkoms 'n bate van gelykstaande waarde (met inagneming van die belasting betaalbaar deur die lidgade) in plaas van die pensioenbelang aan die nie-lidgade oor te dra.

Die voordeel van so 'n bateruiltransaksie sal wees dat die nie-lidgade onmiddellik die voordeel van die bate kan geniet en nie hoef te wag totdat een van die "ontvriesingsgebeurlikhede" plaasvind nie. Enige probleem ten opsigte van inflasie en rente word sodoende uitgeskakel en indien hy/sy sou sterf voor ontvangs van die toegekende pensioenbelang, sal sy/haar boedel afgehandel word sonder onnodige vertraging. Sodoende sal daar ook voldoen word aan die "clean break"-beginsel wat gewoonlik deur die egskeidingshof nagestreef word.

In die geval waar die een derde gekommuteer sou word en die enkelbedrag onvoldoende sou wees om aan die nie-lidgade se eis te voldoen, behoort daar 'n beperking geplaas te word dat daar nie 'n groter persentasie as die enkelbedrag van een derde aan die nie-lidgade betaal sal word as die persentasie van die pensioenbelang wat aan hom/haar toegeken is nie. Dit sou onbillik wees teenoor 'n lidgade om sy/haar enkelbedrag in totaliteit, of 'n groot gedeelte daarvan, aan die nie-lidgade oor te dra ten einde aan die egskeidingsbevel te voldoen; veral as 'n mens in ag neem dat die nie-lidgade boonop nie belasting hoef te betaal op die pensioenvoordeel wat ontvang word nie.

### 7.2. Voorgestelde wysigings tot Wetgewing

In die lig van bogenoemde kommentaar en die wetsontwerp soos voorgehou deur die Regskommissie, word die volgende wysigings aanbeveel:

- 'n wysiging van die definisie van "pensioenbelang" in die Wet op Egskeiding, ten einde voorsiening te maak vir die aktuariële vasstelling van die waardes van die onderskeie tipes van uitgestelde pensioen in geval van egskeiding, asook vir die verskillende waardes in die voordele by bedanking, dood of ongeskiktheid;
- 'n verdere wysiging van die definisie van "pensioenbelang" ingevolge waarvan die aktuariële reserwewaarde van 'n annuïteit as norm geneem moet word indien die waarde van 'n annuïteit bepaal moet word in geval van egskeiding;
- voorsiening vir die vasstelling van die aanvangswaarde van "pensioenbelang" in die geval van huwelike onderhewig aan die aanwasbedeling;
- die invoeging van 'n voorbehoudsbepaling tot artikel 7(8)(a) van die Wysigingswet op Egskeiding, dat die verdeling van pensioenbelang beperk moet word tot gevalle waar geen ander bevredigende metode met betrekking tot die verdeling van bates moontlik is nie;
- die invoeging van 'n nuwe subartikel tot artikel 7(8) van die Wysigingswet op Egskeiding, wat sal verhoed dat 'n bevel verleen word met die strekking dat 'n groter bedrag in kontant geneem mag word as wat regtens moontlik is in terme van die Pensioenfondsreëls;
- die invoeging van 'n verwysing na die Wet op Egskeiding in artikel 37A(1) van die Wet op Pensioenfondse;
- die invoeging van 'n beskouingsbepaling waarkragtens 'n nie-lidgade geag sal word 'n lid te wees vir belastingdoeleindes;
- die splitsing van voordele by egskeiding, sodat die nie-lidgade se gedeelte in 'n aparte rekening ten gunste van die nie-lidgade gehou kan word. (Splitsing sal veral die volgende voordele inhou: die nie-lidgade se toegekende gedeelte sal met inflasie kan tred hou; by toevalling van die pensioenbelang, kan elke party byvoorbeeld self besluit welke opsie hy/sy wil uitoefen met betrekking tot die kommutasie van die voordele in 'n enkelbedrag, al dan nie; die toegekende gedeelte sal by afsterwe van die nie-lidgade 'n bate in sy/haar boedel wees en sal dit dus nie die afhandeling van die boedel hoef te vertraag nie.)

## 8. GEVOLGTREKKING

Die belangrikheid van 'n bate soos 'n pensioenbelang kan nie ontken word nie, aangesien dit dikwels die mens se waardevolste besitting is. Ten spyte van die tekortkominge het die Wysigingswet op Egskeiding daartoe bygedra dat bates meer eweredig verdeel word by egskeiding, deurdat 'n gade se pensioenbelang geag word deel te wees van sy/haar boedel. Die verdeling van die pensioenbelang tussen getroude egpare behoort egter te geskied as gevolg van die huwelik en nie omrede die uiteindelike egskeiding nie.

Vanweë die kompleksiteit van hierdie wetgewing, word die betoog om die hele aangeleentheid rondom die verdeling van pensioenbelang eerder in 'n aparte wet te beliggaam, dus verwelkom. Van kardinale belang sal wees om die verdeling van pensioenvoordele eenvoudig te hou en 'n skoon breuk toe te laat.

## SUMMARY

**UNFAIR RESULTS ARISING FROM THE SPLITTING OF PENSION INTEREST IN THE EVENT OF DIVORCE**

In this contribution the current statutory provisions concerning the sharing of a spouse's pension interest at divorce is considered. At the divorce of the spouses, the accounting of pension interest accumulated by a spouse during marriage is governed by the Divorce Act. The current position entails that the pension benefits of a spouse are included as part of the total estate of the spouse, that should be considered by a divorce court for division of the property of the spouses. It deems a spouse's pension interest as part of the spouse's assets. This presupposes that pension interests are put on a par with other property rights or entitlements when determining the settlement benefits of a spouse in the case of divorce.

Due to the definition of a pension interest in the act, only the value of the contribution paid by the member personally is considered, and the value of any contribution by his or her empoyer is for instance not accounted in the valuation of his pension interest. Any interest that has been recorded against the benefit for the advantage of the member is also ignored. If the court rules that the non-member's share will be paid when the member receives the payment from the fund (as is mostly the case), no note is taken of any interest to be paid on the benefits in the meantime, notwithstanding the fact that inflation will erode the value of the benefit. The result is a meager *solatium* for the non-member at divorce. Immediate payment, on the other hand, would adversely affect the member spouse's liquidity.

Current legislation also prejudices the member spouse when determining the tax liability on pension benefits received, since the member spouse is taxed on the full benefit and not only on the portion he/she actaully receives.

Although the legislature acted fairly promptly to suggestions for the rectification of these problem areas in 1989, it is time to consider a more thorough amendment of this branch of the law. In principle, pension benefits should be divided between married couples because of the marriage, not because of the eventual divorce.

## BIBLIOGRAFIE

Fick, C.H. *Pensioenverrekening tussen gades met egskeiding*

Tydskrif vir Regswetenskap (1990) 57 - 102

Lane, W. *Pensions and divorce : dealing with pension interests*

De Rebus (December 1993) 1090 - 1092

Lightbody, R. *The Divorce Amendment Act revisited*

Insurance and Tax, Volume 11 no. 3 (August 1996) 14 - 23

Marcusse, D. *Division of pension interests on divorce : A number of issues are still to be resolved*

Insurance & Tax (Vol. 9 No. 3 August 1994) 10 - 14

Meyer, G. *Pensions and divorce : Restrict "pension interest" to ascertainable lump sum*

De Rebus (February 1994) 70

Phillips, M. *Divorcees and pension benefits, when spouses and money part*

Businessman's Law (1990) 153 - 155

Potgieter, F. *Die Verdeling van 'n persoon se pensioenbelang by egskeiding*

De Rebus (March 1992) 135 - 137

Reich, C.A. *The new property*

Yale Law Journal 73(5) (1964)

Sinclair, J. *An Introduction to the Matrimonial Property Act 1984*

(1984)

Sonnekus, J. C. *Pensioendeling, billikheid én die egskeidingsreg is onversoenbaar*

TSAR (1994.1 en 1994.2) 48 – 71 en 211 - 227

South African Law Commission *Investigation into the possibility of making provision for a divorced woman to share in the pension benefits of her former husband*

Working Paper 4, Project 41 (October 1984).

South African Law Commission *The sharing of Pension Benefits on Divorce*

(1995)

South African Law Commission *Sharing of Pension Benefits*

Discussion Paper 77, Project 112 (1998)

| | |
|---|---|
| Stander, U. | *Wysigingswet op Egskeiding 7 van 1989 : Verdeling van pensioenverwagting by egskeiding*<br>De Rebus (November 1989) 853 - 857 |
| Suid-Afrikaanse Regskommissie | *Ondersoek na die moontlikheid om voorsiening te maak dat 'n geskeide vrou in die pensioenvoordele van haar voormalige gade kan deel: Aspekte rakende die Wysigingswet op Egskeiding 7 van 1989*<br>Werkstuk 43, Projek 41 (1993) |
| Van Niekerk, S. | *"Pensioenbelang" - verdeling by egskeiding : 'n Praktiese handleiding*<br>Sanlam Regsnavorsingpublikasie (1992) 1 - 20 |
| Wessels, E. | *Die Wysigingswet op Egskeiding, 1989 : Enkele probleme*<br>Ex Lege no. 16 (Augustus 1991) |


**LYS VAN SAKE**

| | Bladsy |
|---|---|
| Krygkor Pensioenfonds v Smith 1993 (3) SA 459 | 7 |
| Schenk v Schenk 1993 (2) SA 346 | 9 |

**LYS VAN WETTE**

| Verkorte Titel | Nr. | Jaar | Bladsy |
|---|---|---|---|
| Boedelbelastingwet | 45 | 1955 | 17 |
| Wet op Egskeiding | 70 | 1979 | 4, 5, 6, 7, 8, 11, 23, 26 |
| Wysigingswet op Egskeiding | 7 | 1989 | 1, 3, 10, 12, 13, 14, 15, 16, 18, 21, 24, 25, 26, 27 |
| Wet op Huweliksgoedere | 88 | 1984 | 5, 7 |
| Inkomstebelastingwet | 58 | 1962 | 11, 12, 16 |
| Wet op Pensioenfondse | 24 | 1956 | 8, 9, 27 |
| Wet op Voorgeskrewe Rentekoerse | 55 | 1975 | 4, 6, 10 |